NB-Uitgewers

# Jeugboek-pryse 2023

★ Die kompetisie bestaan uit twee kategorieë: Eerstens vir manuskripte vir lesers 8 tot 12 jaar oud (tot ongeveer 20 000 woorde) en tweedens vir tiener- of jongvolwasseneverhale (tot ongeveer 50 000 woorde) in Afrikaans vir lesers ouer as 13 jaar.

★ Die prysgeld is R50 000 vir die wenner-kinderverhaal en R50 000 vir die wenner-jongvolwassene- of tienerverhaal.

★ Die skrywers van kinderverhale vir 8 tot 12-jariges hoef nie illustrasies saam met die teks voor te lê nie. Indien dit ’n teks is wat illustrasies vereis, sal die uitgewer voor publikasie aan ’n kunstenaar opdrag gee vir illustrasies.

★ NB-Uitgewers se drukname Tafelberg en Human & Rousseau onderneem om die twee wenners se boeke te publiseer en behou ook die eerste opsie om enige van die ander inskrywings te publiseer.

★ Terwyl inskrywings onder oorweging is, mag hulle nie elders voorgelê word vir publikasie of vir ’n soortgelyke kompetisie nie. NB-Uitgewers sal na afloop van die kompetisie skriftelik met skrywers in verbinding tree.

★ Die beoordelaars behou die reg voor om een of meer pryse agterweë te hou indien die gehalte van die inskrywings nie op peil is nie.

★ Inskrywings moet per e-pos gestuur word na Astrid.vanStaden@nb.co.za. Manuskripte moet in MS Word-formaat, in dubbelspasiëring en ’n leesbare lettertipe en -grootte (bv Times New Roman 12pt) voorgelê word, met die bladsye genommer.

★ Elke inskrywing moet vergesel word van ’n getekende inskrywingsvorm.

★ Deelnemers mag nie onder ’n skuilnaam inskryf nie. Skrywers mag as medeskrywers deelneem.

★ Werknemers van Media24 Boeke (Edms.) (Bpk.) mag nie aan die kompetisie deelneem nie.

★ Die beoordelaars se beslissing is finaal en geen gesprek of korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

**Sluitingsdatum: 30 November 2023.**

Wenners sal in April 2024 bekendgemaak word.

ME./MEV./MNR./DR./PROF.......................................VOLLE NAME EN VAN: ..........................................................................

..........................................................................................................................................................................

ADRES: ...........................................................................................................................................................

..................................................................................................................POSKODE: .....................................

IDENTITEITSNOMMER: .......................................................................................................................................

TELEFOON: (h) .................................................(w) ......................................................(sel) ........................................

E-POS: .............................................................................................................................................................

TITEL VAN INSKRYWING: ..................................................................................................................................

OMVANG (AANTAL WOORDE) VAN INSKRYWING: ...........................................................................................

OUDERDOMSKATEGORIE VAN INSKRYWING:.......................................................................................................

Hiermee verklaar ek dat ek ’n burger is van (omkring soos toepaslik) Suid-Afrika/Namibië/Botswana/Lesotho/ Swaziland, dat my inskrywing my eie werk is, oorspronklik is en nog nooit voorheen gepubliseer is nie en dat ek bogenoemde reëls aanvaar en daarby sal hou.

HANDTEKENING: ..........................................................................................

Tafelberg

Human & Rousseau